HESSEQUA MUNISIPALITEIT

VAKATURE

Die Munisipaliteit van Hessequa benodig die dienste van 'n geskikte persoon in die volgende vakature:

Kassier: Albertinia
(Verw: F032) T6 – R113 308.80 tot R147 097.08 bruto salaris per jaar.

Vereistes: Graad 12 • Rekenaarvaardig • Goeie interpersoonlike- en kommunikasievaardighede • In staat om in twee van die amptelike tale van die Wes-Kaap te kommunikeer • Een jaar ondervinding in 'n soortgelyke posisie, sal as 'n aanbeveling dien.
Pligte: Prosesseer voertuiglisensie en -registrasie aansoeke • Hou rekord van dokumentasie en transaksies • Ontvang betalings • Verkoop voorafbetaalde water- en elektrisiteit • Balanseer kontant op 'n daaglikse basis • Deponeer geld.

Die Munisipaliteit van Hessequa is 'n gelyke geleentheid werkgewer en moedig gestremdes, asook persone vanuit die voorheen benadeelde groepe aan om aansoek te doen om betrekkings. Kandidate kan aan 'n praktiese toets onderwerp word.

'n Munisipale aansoekvorm is verpligtend en 'n CV kan addisioneel aangeheg word. Slegs sertifikate / dokumente wat aan die minimum vereistes voldoen moet aangeheg word. (CV's en aansoekvorms van 4MB en groter kan nie via e-pos versend word nie.)

Volledig voltooide aansoekvorms moet aan Hessequa Munisipaliteit, Menslike Hulpbronbestuur, Posbus 29, Riversdal, 6670 of per e-pos aan applications@hessequa.gov.za of faks 086 518 7229 versend word. Onvolledige aansoeke sal lei tot diskwalifikasie. Ontvangs van aansoeke sal nie erken word nie en geen ondersteunende dokumentasie sal terugbesorg word nie. Vir enige navrae kontak me A. Groenewald by 028 713 7800.

Sluitingsdatum : 30 April 2018

Aansoeke wat na die sluitingsdatum ontvang word, sal nie oorweeg word nie. Persone wie teen 31 Julie 2018 geen terugvoering ontvang het nie, moet aanvaar dat hul aansoek onsuksesvol was. Die Raad behou die reg voor om nie die vakatures te vul nie.